**Dinsdag 19 September**
**Skrifgedeelte: Johannes 6:22-40**
**Fokusgedeelte: Johannes 6:35**
**Broodnodig!**
Lees weer die verduideliking van dualisme in gister se dagstukkie. In Johannes 6:27 klink dit asof Jesus Homself skuldig maak aan dualisme. *“Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee.”* Verag Jesus die stoflike? Kyk Hy neer op fisiese brood? Allermins! Hy het immers die honger skare deur ’n wonderwerk gevoed en geleer om te bid vir daaglikse brood (Matt. 6:11).
Die dualisme is by die skare. Hulle honger vir fisiese brood en wondertekens dui op ’n groot gat in hulle binneste wat Jesus raaksien en aanspreek. Hulle mis hulle grootste behoefte, naamlik Jesus Self, die lewende brood wat uit die hemel gekom het (6:33, 35). Hulle ly aan die grootste dualisme denkbaar: God aan die een kant en die mens aan die ander kant. Jesus oorbrug hierdie dualisme. Hy is die Lewende Brood wat geëet moet word (6:51).
Brood is ’n baie omvattende metafoor. Die hele lewe kan saamgevat word in ’n brood. Landbou, ekonomie, staatsveiligheid, moraliteit, gesonde verhoudings en veral ’n verhouding met God as Broodgewer, is alles broodnodig om ’n fisiese brood op die tafel te sit. Tydens die skryf van hierdie dagstukkie is die Russe byvoorbeeld besig om brood of graan te gebruik as ’n oorlogswapen teen die Oekraïne en die Westerse wêreld.
Soos brood is Jesus oral in jou daaglikse lewe sigbaar en onmisbaar. Wil jy soos die skare doen wat God verlang (6:28), maar jy kom nie na Jesus toe as lewende Brood nie? Hy stel nie teleur nie. *“Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie”* (6:37). Het jy Hom aangeneem (1:12)? Leef, beweeg en bestaan jy deur Hom?
*Sing: Psalm 146-1:1, 5*
*Dr. J Pretorius (Jacob) (Linden)*